JAKARANDA e-KAMP

VAKANSIE UITDAGINGS

Kursus / Aktiwiteit: e- Veldkornette

Voltooi die aktiwiteite / oefeninge. Indien daar iets is wat nie moontlik is in jou omstandighede nie, doen iets anders waartoe jy wel toegang het. Jy kan foto's neem terwyl jy besig is met die aktiwiteite en aanstuur vir ons, Jakarandakamp@gmail.com , om op **FB** te laai. Bo alles – GENIET DIT!

DAG 1 Doen rek en strek oefeninge vir 15-minute elke dag.	DAG 2 Help in die tuin: Gee die plante water, Trek bossies uit, Snoei plante, Sny gras, ens.	DAG 3 Belê in jouself: Lees 'n boek, Oefen wiskunde, Doen iets kreatiefs.	DAG 4 Raak stil: Bid saam met jou huismense vir jou familie, jou vriende, ons land, die wêreld, mense met die Korona virus, mense oorlede van die virus se gesinne en familie's.	DAG 5 Was die huismense se ontbyt / 'brunch' skottelgoed.
DAG 6 Maak seker jou kamer is netjies – soos vir tentinspeksie vir res van die tyd.	DAG 7 Ruim die badkamer op na gebruik – maak seker die vloer is droog.	DAG 8 Kyk saam met jou huismense fliek in julle slaapsakke.	DAG 9 Maak vir jou huismense tee / koffie.	DAG 10 Was die huismense se middagete / aandete skottelgoed.
DAG 11 Beplan om saam met jou huismense konsert te hou en oefen daarvoor.	DAG 12 Slaan 'n tent op / of bou 'n skuiling waarin jy en jou huismense kan slaap.	DAG 13 Hou 'n binnenshuise speletjiesmiddag saam met jou huismense – bordspeletjies / kaarte / rummicub, woordbou, ens.	DAG 14 Maak vir jou huismense tee / koffie. Bederf jou huismense met 'n versnappering / snoepgoed.	DAG 15 Leer twee nuwe Voortrekkerliedjies. Oefen vir die konsert.
DAG 16 Hou 'n buitenshuise speletjiesmiddag saam met jou huismense met ten minste 5 speletjies.	DAG 17 Hou 'n middernagfees saam met jou huismense.	DAG 18 Beplan 'n vlagseremonie en indien moontlik, voer dit uit.	DAG 19 Kyk wie van jy en jou huismense kan die beste foto neem met die tema "Ons glo in perfekte visie".	DAG 20 Hou "kampvuur"-konsert.

Veels geluk!! Jy het die e-Veldkornette (almal) - aktiwiteit van Jakaranda Voortrekkerkamp 2020 se e-kamp suksesvol voltooi!

Ons hoop jy het pret gehad en ook iets geleer.